Artikels

# INDIVIDUASIE EN IDENTITEIT

*Hercules Boshoff*

**Abstrak**

Hierdie artikel gaan 'n saak daarvoor uitmaak dat individuasie beter toegang bied tot die mens se verhouding tot die werklikheid as die heersende identiteitsdiskoers, waarbinne die werklikheid in diens van identiteit gestel word. Identiteit as bepalende faktor van die mens gaan geproblematiseer word deur daarop te wys dat dit nie die volheid van bestaan in berekening bring nie, veral in die moderne klimaat, waarin die tasbare kenmerke bepalend vir identiteit geword het. Daar gaan sterk aansluiting gevind word by Gilbert Simondon, wat voorgestel het dat identiteit slegs 'n fase voorstel van 'n voortdurende proses waartydens die fisiese, biologiese en psigies/sosiale omvangtipes in 'n samespel verkeer. Elk van hierdie omvangtipes het 'n bepaalde wyse van funksionering, die fisiese as 'n meganistiese "stel" wat slegs bepaalde moontlikhede inhou, die lewende as 'n sisteem wat sy eie onderhouding deur voeding nastreef, en in aansluiting by Heidegger, gaan ek uitwys hoe die psigies/sosiale deur interpretasie behoort te funskioneer. Met die begrip "individuasie" word daar verwys na hierdie samespel en bemiddeling tussen die verskeie ordes, om sodoende tot 'n ryker verstaan van die hele proses in plaas van 'n enkele fase daarvan te kom.

## Individuasie: wanvoorstellings en alternatiewe

Daar heers 'n bykans versmorende behepheid met identiteit in die Geesteswetenskappe. Politieke ideologie en ras word as die vernaamste kentekens van identiteit voorgehou, terwyl ander kenmerke van die menslike bestaan (vermoedelik vanweë die gemeenskaplikheid tussen die mens en ander wesens met dieselfde kenmerke), verwerp word of aan toeval toegeskryf word. Veral filosowe was vir lank geneig om die mens in terme van die onderskeiding met diere te beskryf, terwyl die ooreenkomste min aandag geniet het. Alhoewel dié tendens vervang is met 'n atomisme waarvolgens alle dele tot enkele beginsels gereduseer word, het die beheersug van die mens ten opsigte van die natuur steeds

staande gebly, soos uitgedruk deur Heidegger se bekende term, Ge-stell: "Overal is het besteld om terstond, ter plaatse, ter beschikking te staan: om zelf beschikbaar te zijn voor een verder bestellen".[1]

Hierdie tendens is volledig belyn met die voortslepende arbeidsverdeling en gepaardgaande afsperring wat sedert die industriële omwenteling van stapel gestuur is. In akademiese gewaad, behels spesialisering, oftewel "kundigheid", die skepping van 'n woordeskat wat enersyds seggenskap oor 'n onderwerp toe-eien, en andersyds ander denkvelde ontmoedig om daarmee in gesprek te tree. Die effek hiervan is dat die inmekaarverweefde dele van die werklikheid, en daarmee saam die werklikheid self, tot kompartemente afgebaken word, oftewel die werklikheid letterlik te ont-wikkel. Om oor elk van hierdie kompartemente na te dink, vereis enersyds 'n spesialisering wat tot afsperring aanleiding gee (waardeur die werklikheid vir die spesialiste gefragmenteer word), en andersyds een deel oor die ander laat domineer. Hierdie fragmentering uit die industriële omwenteling is gekoppel aan die beginsel van optimaal funksionerende dele, wat oorkoepelend beoordeel word volgens beginsels wat voortspruit uit die ontwikkeling van die burokrasie deur die wetenskappe.

Tegelyk het die meganistiese werklikheidsopvatting ook nie die mens se selfrefleksie oorgesien nie. Die bepalende rol van die fisieke eienskappe van die mens het nie alleen by die biologie vasgehaak nie, maar is stelselmatig op die politieke ekonomie toegepas. Hegel was waarskynlik die laaste vername filosoof wat die gedagte van die Gees as bepalende faktor by die mens beskou het, en werk nog met die idee van wetenskap (Weet-skap as 'n vaardigheid van oorskouing en refleksie) as dit wat die natuur/harde wetenskappe, oorstyg. Alhoewel die ontwikkeling van die natuurwetenskappe tot groot innoverings aanleiding gegee het, sou die stelselmatige houvas wat dit op veral die politieke sfeer gekry het, tot 'n verskraalde mensbeeld lei. Hierdie nuwe konfigurasie sou binne die moderne politiek waarskynlik 'n laagtepunt bereik in die eugenetika. In die 20ste eeu het heelparty politieke sisteme uitsluitlik op bloot biologiese kenmerke gefunksioneer, wat terselfdertyd die wetenskaplike en burokratiese omwenteling opneem, nie in die rigting van 'n nuwe en hoër vorm van beskawing nie, maar in die rigting van 'n verontmensliking. Die politiek-ekonomiese diskoers in hierdie vorm, reduseer en kompartementaliseer die mens tot bloot statistieke wat op 'n empiristies-matematiese grondslag gevorm word. Indien daar beweer sou word dat hierdie aantygings oordrewe is, wys Stiegler daarop dat akademie aandadig is aan die heersende triomf van onnoselheid en die "likwidering van mondigheid". Hieruit volg dat die kloof tussen denkruimtes aanleiding gee tot 'n soort verfynde onnoselheid, wat sigself versluier agter die diggeweefde spinnerakke van vaktaal.

Agter die onnoselheid, oftewel wat die ou Grieke noem "agnoia", wat in die Engels vertaal word met "ignorance" (dus miskien "onbedagsaamheid /minagting"), skuil die motief om die werklikheid tot beheer te bedwing deur middel van die redusering daarvan tot die laagste gemene deler. Die minagting van

die verweefde werklikheid vestig die aandag op die oppervlak en oppervlakkigheid, op ‘n Darwinistiese magspolitiek, asook die beheer van die natuur deur die mens. Die hubris van die mensdom en die redusering van die Syn en die syndes tot materiaal en agente van ekonomiese groei, blyk voorts na eeue van plundering van hulpbronne eenvoudig onvolhoubaar te wees. Die effekte van hierdie beheersugtigheid gee daartoe aanleiding dat politiek as sodanig, en die gemaklike indelings van denke, geproblematiseer en herbedink moet word.

**Individuasie**

In hierdie gedeelte gaan ’n alternatief vir die essensialistiese en toenemend wigdrywende akademiese praktyke soos hierbo beskryf, ondersoek word met behulp van die begrip “individuasie”. Individuasie werk enersyds essensialisme teen, aangesien dit individualiteit as ’n dinamiese proses beskryf (en nie ’n voorafbepaalde statiese toestand nie), en andersyds omdat dit rekenskap gee van al die verskillende ordes wat deelneem in hierdie proses.

Wanneer individuasie ter sprake kom, is dit raadsaam om die werk van Gilbert Simondon te oorweeg. Simondon wys eerstens daarop dat identiteit, dit wil sê individualiteit, voorrang geniet het bo individuasie as ’n beskrywing van die menslike bestaan. Dit kan volgens hom toegeskryf word aan twee voorveronderstellings oor die verhouding waartoe identiteit en individuasie tot mekaar staan:

1) die feit dat die bestudering van individuasie gewoonlik die individu as maatstaf gebruik;
2) dat die beskrywing van die volgorde waarin individuasie plaasvind die toestand van individualiteit as vertrekpunt voorstel: “[S]tarting from the constituted and given individual, an attempt is made to step back to the conditions of its existence”.[2]

Heidegger stel ’n egter vraag waarmee die lewensvatbaarheid van hierdie voorveronderstellings in twyfel getrek word: “does the principle of identity really say anything about the nature of identity?”.[3]

In wat volg sal daar, in aansluiting by Simondon, ’n saak vir die teenoorgestelde toedrag van sake gestel word, naamlik dat individuasie individualiteit voorafgaan en omvat. Individuasie verwys eerder na die proses sowel as die voorwaardes waaruit individualiteit/identiteit na vore tree.

**Alternatief**

Teenoor genoemde voorveronderstellings, stel Simondon voor dat daar deegliker oor die aangeleentheid van individuasie gedink kan word indien individualiteit nie as maatstaf van individuasie voorgestel word nie. Die uitgangspunt van Simondon se alternatiewe benadering word deur die volgende verduideliking opgesom: "know the individual through the individuation, rather than the individuation through the individual".[4] Volgens Simondon behoort:

1) individuasie die maatstaf/voorwaarde van individualiteit te wees,
2) die volgorde waarvolgens individuasie verstaan word, omgekeer te word sodat die individuasie altyd die individu voorafgaan: "by considering as primordial the operation of individuation from which the individual comes to exist and of which its characteristics reflect the development, the regime and finally the modalities".[5]

**Ordes van individuasie**

Die mens is 'n individuerende wese. Aristoteles het reeds uitgewys dat die mens nie onmiddelik sy doel voor oë het, en outomaties, dit wil sê geneties, tot hierdie doel ingestem word nie. Dit is omdat die mens tussen verskillende vlakke van wees moet bemiddel. Hierdie vlakke het elkeen 'n eie konfigurasie, maar funksioneer in die mens ook nie afgesonder van die ander dele nie. Simondon verduidelik dat "individuation is not a process reserved for a single field of reality, for example that of psychological reality or physical reality".[6] 'n Ander term wat hy gebruik om na die verskillende "fields of reality" te verwys, is die begrip "orders of magnitude", hier vertaal met "omvangtipe".

Wanneer daar verwys word na "orde", is dit nodig om te let op die onderskeid wat Simondon tref tussen "stel" en "sisteem". 'n *Stel* beskryf 'n afgeslote struktuur. Die afgeslote aard van die struktuur impliseer dat die dele nie oor enige potensiële energie van buite af beskik nie, en gevolglik slegs entropie ondergaan, dit wil sê uitputting van bronne van bruikbare energie tot onbruikbare energie, totdat die stel in duie stort. Dié onafwendbare resultaat word deur Serres bestempel as 'irreversible time'.

*Sisteem* veronderstel egter 'n dinamiese struktuur wat oor potensie en volhoubaarheid beskik omdat dit in 'n wisselwerking met ander sisteme en stelle tree. Die sisteem is derhalwe meer as die som van die dele juis as gevolg van die aanhoudende rol wat potensiële energie speel. Potensiële energie gee daartoe aanleiding dat die samestelling van die sisteem voortdurend verander.

Simondon onderskei voorts tussen drie ordes van individuasie: fisiese, biologiese en psigies/sosiale.

*1.* Fisies: in ooreenstemming met die wet van entropie soos hierbo beskryf, kan die fisiese orde gesien word as ’n stel, dit wil sê ’n versameling van dele wat kragte op mekaar uitoefen tot op die punt van uitputting, wat tot die vernietiging van die samestelling van die dele aanleiding gee.

*2.* Biologies, hierdie orde word deur Simondon beskryf as ’n “lewende sisteem”, dit wil sê ’n sisteem wat probeer om sigself (die lewende karaktereienskap daarvan) te onderhou. Ofskoon die filosofie dikwels slegs fokus op die verskil tussen mense en diere, identifiseer Simondon Aristoteles as ‘n denker wat ook die ooreenkomste sterk in aanmerking geneem het: “For him, the vegetal already contains a soul, manifests an existence of a soul, from a principle which is a vegetative principle, what Aristotle calls to treptikon, namely, that which relates to developmental functions and growth. Trepein, treptikon, comes from trepho to nourish, to thicken, and to make grow. The treptikon is what in the vegetal presides over functions of nutrition”.[7]

Die onderhouding vind noodwendig plaas op twee wyses:

2.1. Omskakeling: die sisteem onderhou lewe deur ’n “dinamiese ekwilibrium” te vestig waartydens eksterne bronne van energie tot die voordeel van die sisteem verwerk en omgeskakel word. Met omskakeling word dus bedoel: “that ‘something’ is quantitatively conserved while it is qualitatively transformed”.[8]

2.2. Oordrag: lewe word voortgesit deur oordrag. Tydens die oordrag word daar inligting oorgedra in die vorm van DNS. Op sy beurt word DNS opgedeel in fenotipe en genotipe. Fenotipe verwys na dit wat ons sien, byvoorbeeld blou oë, terwyl genotipe verwys na inligting wat teenwoordig is, maar nie ’n direkte effek op die organisme het nie. Dit kan wel na ’n volgende lewensvorm oorgedra word sodat die fenotipe daardeur bepaal word. Beide die fenotipe sowel as die genotipe gaan die individuele lewensvorm vooraf en word weer oorgedra na ’n nuwe lewensvorm. Dit behoort tot wat Simondon noem die pre-individuele orde. Die lewende sisteem onderhou sy sistemiese aard juis deur ’n wisselwerking/kommunikasie met die pre-individuele te vestig, in teenstelling met die fisiese entiteit “which carries something of the past that is radically past”.[9]

*3.* Noëtiese: wat Simondon noem die “psigies/sosiale”. Dit is die sfeer waarbinne die mens met homself en ander in verhouding tree. Die verskil tussen die biologiese en die noëtiese omvangtipes kan aangestip word deur die wyse waarop daar met die pre-individuele omgegaan word. Hiervoor is dit nodig om ag te slaan op die onderskeid wat Aristoteles tref tussen herinnering, wat volgens hom tot die sfeer van mense sowel as diere behoort, en besinning, wat slegs by die mens

> aanwesig is. In die geval van herinnering, produseer sintuiglike waarneming afdrukke van objekte wat weer tot die verstand opgeroep kan word. Hierteenoor word die noëtiese nie gevorm slegs op grond van dit wat deur die sintuie waargeneem word nie, maar ook deur dit wat nie deur die sintuie waargeneem word nie. Anders gestel, die verbeelding gryp in daar waar die sintuie nie 'n koherente skets kan voltooi nie. Die noëtiese word deur Heidegger beskryf as "Gedächtnis". Heidegger probeer ons bedag maak op die tekortkominge van die algemene interpretasie van dié Duitse term: "Offenkundig meint dieses Wort anderes als nur die von der Psychologie feststellbare Fähigkeit, Vergangenes in der Vorstellung zu behalten".[10] Denke impliseer 'n omgang met die verlede wat alreeds meer as 'n voorstelling en nabootsing behels, dit behels interpretasie. Interpretasie is die vermoë om toe-eiening en verwerping van dele van die verlede met toekomsgerigtheid te versoen. Toekomsgerigtheid is juis dit wat omgang met die verlede aktiveer, en nie enersyds soos tradisionaliste beweer, kortwiek nie, en andersyds ook nie dit wat sigself wegkeer van die verlede nie, soos die moderne rewolusionêre politiek dit wil hê nie.

Soos ons reeds genoem het, word die mens se selfverstaan en verhouding met ander alreeds deur sy omgang met die verlede bemiddel. Die wyse waarop daar in hierdie sfeer met die verlede omgegaan word is deur middel van nadenke, oftewel besinning. Om hierdie rede sou 'n beter benaming vir die partikulier-menslike sfeer van individuasie die *noëtiese* wees.

Die maatstaf vir die verbeelding is rede, en daarom is die wyse waarop die verbeelding aangewend word een van dialoog met die sintuiglike. Tydens besinning speel afleiding en debat ook 'n vername rol. Die kommunikasie tussen die pre-individuele en die *noëtiese* is meer plooibaar en dinamies as wat die geval is by die biologiese.

> Die onderskeid tussen die omvangtipes kan dus op grond van die wyse waarop die verlede daarop inspeel aangetoon word:
> 1) Fisiese orde: radikale verlede – bepaal deur natuurwette, word omgeskakel in stel
> 2) Lewende orde: herinnering – bepaal deur reprodusering (fenotipe en genotipe), vind neerslag in 'n stel sowel as 'n sisteem
> 3) Noëtiese orde: besinning – dialoog: strewe na sisteem, hoewel die waarin die nadenke plaasvind steeds biologies sowel as fisies van aard is, gaan dit hier oor die samestelling sowel as die samespel tussen dele.

Hoewel so 'n kensketsing behulpsaam kan wees in die uiteensetting van individuasie, moet dit ook sterk beklemtoon word dat die ordes aan mekaar verwant is. Die hoër ordes bly altyd aan die laer ordes verbind. Die biologiese en

*noëtiese* omvangtipes bevat steeds die fisiese, terwyl die noëtiese ook die biologiese bevat. Die invloed van een omvangtipe op die ander is altyd sterk, maar nooit bepalend nie. Die dinamisme van die samespel is dus nie gegewe nie, en die oorname van die sogenaamde hoër (in kompleksiteit/omvang) oor die laer ordes is altyd tydelik. Dit beteken dat die samespel voortdurend vernuwe moet word om besinning te laat plaasvind.

**Die mens en die hand**

Die ordes van menslike individuasie word bemiddel deur die hand. Om te verstaan hoe dit plaasvind, moet die algemene voorveronderstelling oor aard van die hand, naamlik as biologiese ledemaat, uitgedaag word: "Allein das Wesen der Hand läßt sich nie als ein leibliches Greiforgan bestimmen oder von diesem her erklären".[11] Die hand is betrokke in die ontwikkeling en gebruik van artefakte (zuhande), wat die mens in staat stel om die fisiese omvangtipe te gebruik vir die bevordering van die noëtiese. Plato waarsku egter alreeds in die *Phaedrus* teen die teenoorgestelde toedrag van sake, naamlik dat die noëtiese (en die biologiese) in diens van die fisieke gestel word, wat presies die geval is met die atomisties-meganistiese werklikheidsbeskouing.

Die artefakte is grotendeels fisieke, nie-lewende dinge waardeur ons lewende gees nietemin ontwikkel word. Denke kan slegs gevorm en tot uiting gebring word met middele wat altyd die individu voorafgaan, en waarvan die konfigurasie aangeleer word deur die individu. Die spesifieke konfigurasie wat aangeleer word, kan beskryf word met die woord tradisie: "Whatever and however we may try to think, we think within the sphere of tradition".[12] Die omgang met tradisie as sodanig gee nie vanselfsprekend aanleiding tot menslike individuasie nie. 'n Sekere ingesteldheid teenoor tradisie is volgens Heidegger nodig om die individuasie suksesvol te laat plaasvind. Suksesvolle individuasie hang volgens Heidegger, in die sin wat volg op die een wat sopas aangehaal is, af van die manier waarop tradisie interpreteer en aangewend word: "Tradition prevails when it frees us from thinking back to a thinking forward, which is no longer a planning".[13] 'n Soort inversie vind plaas in die omgang met tradisie, waarby die verlede (tradisie) enersyds nie meer as afgehandel beskou word sodra dit met die toekoms in gesprek tree nie, en die andersyds die toekoms ook nie meer bepaald is, in die opsig van 'n stel wat slegs uitgedien word soos dit by fisiese individuasie die geval is nie. Die bemiddeling tussen enersyds die verlede as onafgehandel en bruikbaar vir die hede, en andersyds die toekoms as moontlikheid, word uitgedruk in terme van die verhouding tussen die ter-hande en die voor-hande, wat altyd dinamies en in dialoog bly. Een van die voorbeelde waarin dié verhouding die duidelikste neerslag vind, is taal.

Die kompleksiteit van die hand word verder gevoer, deur die verweefdheid

tussen die hand en taal te beklemtoon: “The hand sprang forth only out of the word and together with the word”.[14] Deur taal word die werklikheid ont-sluit. Om te sluit, te ontsluit, te be-sluit en te be-gryp, is alles beelde wat die hand betrek. Simondon wys daarop dat Aristoteles die onderskeid tussen mens en diere getref het by die vermoë om die taal te gebruik op ‘n sinvolle en konsekwente manier: “The animal lacks the faculty of reason, to logistiton, the logical faculty. The animal also lacks the faculty of free choice or *bouleutikon*, the free deliberation or more precisely the choice after the examination of all possibilities of action, free choice called *proairesis*”.[15]

Die rol van die hand is die bewerkstelliging van ’n oordrag vanaf vorm na materie. So is die Dawidbeeld byvoorbeeld meer as ’n klip, omdat die idee van Dawid die aard van die klip verander. Dieselfde kan ook van ’n Beethoven-simfonie gesê word, soos Einstein verduidelik:

> “It would be possible to describe everything scientifically, but it would make no sense; it would be without meaning, as if you described a Beethoven symphony as a variation of wave pressure.”

Aristoteles gebruik die voorbeeld van hand om die derde oorsaak mee te beskryf, naamlik die *causa efficiens*, wanneer hy na die beeldhouer Polikleitos se werk verwys. Die materie en die vorm is reeds gegewe tot die kunstenaar, maar die finale doel is nie die tegniek of werksaamheid self nie, dit is iets altyd daarbuite, ook buite die mens.

Die oordrag van vorm bly ’n transformerende aktiwiteit, eenmalig van die skeppende kunstenaar tot die materie waarmee daar gewerk word, en voortdurend van die interpreteerder. Daarsonder verval die kunswerk onmiddellik in materie, in gebrekkige namaaksels en kitsantwoorde van opsommende handboeke. Of die vorm ’n vaste en onveranderbare oorsprong het, en of dit voortdurend verander, lê buite die skopus van hierdie artikel. Met vorm word verwys na ’n krag wat materie tot besieling dryf en skeppend-onderhoudend oorgedra word tussen lewende sisteme.

So kan Gees beskryf word as dit wat die mens aktiveer om sy konteks oor te steek deur interpretasie, ’n gebeurtenis waarin betekenis voortdurend en opnuut gestalte kry. Interpretasie behels die aanleer van tegniek en die omgang met artefakte. Dit betrek dus die hand, wat in sy tegnisiteit die biologiese oorskry. Die hand is daarom ook ’n geestelike ledemaat wanneer dit tegniek aanleer. Wat voorts van belang is in die oorweging van tegnisiteit en die omgang met artefakte, is dat dit ’n multi-temporele dimensie aan die menslike werklikheid gee, dit wil sê: terselfdertyd teenwoordig, terugskouend na die verlede, en skeppend gerig tot die toekoms.

Die omvattende waarheid van die menslike bestaan kan slegs bedink word

wanneer al die deelnemende dele daarvan oorweeg word, asook die samespel tussen die dele. In die gebruik van taal is die mens in sy aard. Ofskoon taal 'n menslike eienskap of vermoë is, kan ons nie sê dat taal reduseerbaar is tot die mens nie; dit gaan die mens vooraf en gaan verby die mens, die toekoms in. Tegniek en vaardighede word vanuit die konteks en omstandighede aangeleer, maar word aangewend om die konteks te oorstyg. Hierdie oorstyging stel die tegniek in staat om te verander en sigself te herinventeer, wat aanleiding gee tot 'n bemiddelde en individuerende individu wat nie in identititeit vasgekeer word nie.

Noten:

[1] Heidegger M., *De vraag naar de Techniek.* Rotterdam, Vantilt, 2014, p. 39.

[2] Simondon G., *Ontogenesis of the individual*, 2012. http://www.parrhesiajournal.org/parrhesia07/parrhesia07_ simondon1.pdf.

[3] Heidegger M., *Identity and difference.* New York Harper & Row, 1969, p. 25.

[4] Simondon G., 2012.

[5] Simondon G., 2012.

[6] Simondon G., 2012.

[7] Simondon G., *Two Lessons on Animal and Man.* Minneapolis, Univocal Publishing, 2011, p. 43.

[8] Prigogine I. en Stengers I., *Order out of chaos: man's new dialogue with nature*, Toronto, Bantam Books, 1984, p. 108.

[9] Simondon G., 2012.

[10] Heidegger M., Gesamtausgabe I Abteilung: veröffentliche Schriften 1910-1976, Band 8 *Was heisst Denken?* Frankfurt am Main: Vittorio Klostermann, 2002, p. 13.

[11] Heidegger M., 2002, p. 13.

[12] Heidegger M., 1969, p. 40.

[13] Heidegger M., 1969, p. 40.

[14] Heidegger M., 2017.

[15] Simondon G., *Two Lessons on Animal and Man.* Minneapolis, Univocal Publishing, 2011, p. 46.